

Gereformeerde Kerk Bellville – 9 Desember 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Skrifberyming 4-3:1, 2, 3

- 1 Lofwaardig is ons God, die Heer – / genade toon Hy weer.
Hy gee aan ons, soos lank verwag, / die redder van die volk –
verlossing uit die vyandsmag / en donker onweerswolk.
- 2 Aan sy verbond bly Hy getrou; / beloftes sal Hy hou.
Daarom kan ons Hom altyd dien / solank ons hier mag leef.
Die vyand sal ons werke sien / en almal voor Hom beef.
- 3 Jy, pasgebore priesterspruit, / loop as profeet vooruit;
die Heer se pad moet jy berei / dat Hy sy lig kan bring.
Die skadutyd gaan nou verby / en vrede sal deurdring.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 136:1, 2, 20 (p. 660)

- 1 Loof die HEER met blye klank, / loof sy Naam, bewys Hom dank;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!
- 2 Loof die hoogste God en HEER, / wat alle aardse mag regeer;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!
- 20 Loof dié God, dié Hemelheer, / allerhoogste in mag en eer;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 19:4, 6 (p. 83)

- 4 Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig / wat afstraal op die oë.
- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.

Gebed

Psalm 89:11, 12 (p. 446)

- 11 Hy sal dit uitroep: HEER, U is my Vader trou, / my God, my Rots van heil waar ek alleen op bou.
Hy is vir My 'n seun tot hoogste rang gebore, / wat Ek tot koning van die konings het verkore.
Vir hom bly my verbond vir altyd vas en stewig, / my goedertierenheid bewys Ek hom vir ewig.
- 12 Ek sal sy nageslag en troon nooit laat vergaan, / sy heerskappy laat duur so lank die hemel staan.
Maar wil sy kinders nie my wette onderhou nie, / bly hul aan my bevel en regte nie getrou nie,
maar dwaal hul verder af in hul onheil'ge weë – / Dan kom my tugtiging op sondaarspad hul teë.

Skriflesing: Matteus 1:1-17

Kernverse: Matteus 1:1, 16-17

Die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid, die seun van Abraham.

Jakob die vader van Josef, die man van Maria uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word. Al die geslagte dan van Abraham tot Dawid is veertien geslagte, en van Dawid tot die Babiloniese ballingskap veertien geslagte, en van die Babiloniese ballingskap tot Christus veertien geslagte. (Matteus 1:1, 16-17 AFR53)

Tema: Jesus Christus is die vervulling van beloftes aan sondaars

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, 'n geslagsregister – wat 'n vreemde manier om 'n boek te begin en wat 'n vreemde gedeelte om die Woord van God in 'n erediens te bedien. Dit is eintlik net mense wat van geskiedenis hou wat 'n belangstelling het in geslags-registers. Die meeste ander mense sal eerder die eerste sewentien verse van Matteus oorslaan om by die meer interessante gedeeltes uit te kom.

Matteus was een van Jesus se twaalf dissipels. Sy ander naam is Levi en toe Jesus hom geroep het om sy dissipel te wees het hy – vir sy Joodse volksgenote – 'n baie veragtelike werk gedoen – hy was 'n tollenaar. Die Heilige Gees het Matteus ingespan om die evangelie in besonder aan Jode te skryf. Dit lei ons af uit twee sake wat duidelik in die boek Matteus voorkom. Let op, Matteus praat nooit van die koninkryk van God nie. Elke keer as hy na die koninkryk van God verwys, skryf hy *die koninkryk van die hemel* omdat die Jode uit vrees om die derde gebod te oortree liewers nie die Naam van God genoem het nie. En die tweede aanduiding dat Matteus aan Jode geskryf het, is die baie verwysings na die vervulling van die Skrifte.

Vir Jode was dit nie so vreemd om 'n boek met 'n geslagsregister te begin nie. Die Jode het graag geslagsregisters gebruik om aan te toon dat hulle egte nakomelinge van Abraham is. Sommer so aan die begin kan ons sê dat Matteus die geslagsregister van Jesus Christus neergeskryf het om vir die Jode te wys waar Jesus inpas in die werk wat God van die vroegste tye af met die mens doen. In hierdie geslagsregister is daar veral drie name wat Matteus beklemtoon – *Abraham, Dawid* en *Jesus Christus*. Maar voordat ons na hierdie be-klemtoning van die drie name gaan kyk, is daar eers iets anders wat ons aandag trek en beslis ook die Jode se aandag sou getrek het.

In die geslagsregister van Jesus word daar vyf vrouens se name ook genoem. So iets is geheel en al onbekend in 'n geslagsregister, want die geslagslyn word altyd in die manlike afstammeling gevolg. Die een vrouenaam sal 'n mens nog kan begryp, want Jesus is inderdaad uit Maria gebore. Maar die ander vier name, is nie name wat 'n mens graag in jou geslagsregister sal neerskryf nie. Hulle is van daardie mense van wie jy weet, maar jy praat liewer nie oor hulle nie. Om drie van die vroue hang daar 'n wolk van onsedelikheid en drie van hulle is ook nog van heidense afkoms. Waarom het die Heilige Gees Matteus geïnspireer om juis hierdie vier vroue se name in die geslagsregister op te neem?

Broers, susters en kinders, in Hebreërs 2 staan daar geskryf dat Jesus Christus, die heilige Seun van God, Hom nie skaam om mense sy broers en susters te noem nie. En dit is nie net die mense wat openlik sondig is wat 'n Verlosser nodig het nie. Ook die mense wat deur mense as goeie mense beskou word, het 'n Verlosser nodig. Met dié vroue se name openbaar die Here dat Jesus Christus na hierdie wêreld gekom het as Verlosser

van sondaars. Selfs Maria wat in die oë van baie mense as 'n baie goeie mens geag word, het Jesus as Verlosser nodig. Sy noem Hom ook *haar Verlosser* (Luk 1:47).

Ons begin met die eerste vrou se naam wat genoem word – Tamar. Ons ontmoet Tamar in Genesis 38 as die skoondogter van Juda. Sy was getroud met Er die oudste seun van Juda. Tamar was 'n Kanaäniet. Hierdie oudste seun van Juda het egter iets gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here. En die Here het hom laat sterf voordat daar vir hom 'n seun by Tamar gebore is. Juda het toe vir Tamar as vrou aan sy tweede seun gegee. Volgens die reg van daardie tyd sou die eerste seun wat Tamar in die wêreld bring, gereken word as die seun van Er, Juda se oudste seun. Onan, die tweede seun van Juda, wou nie vir sy broer 'n seun by Tamar verwek nie en die Here het hom ook laat sterf.

Vir Juda was dit bitter om twee seuns sonder 'n nageslag te verloor. Juda het sy jongste seun aan Tamar belowe, maar hy het die verskoning gehad dat die seun nog te jonk is om te trou. Of Juda die belofte vergeet het, of maar net geïgnoreer het, weet ons nie, maar Tamar het agtergekom haar skoonpa gaan nie sy belofte nakom nie. Daarom het sy haar soos 'n prostituut vermom en Juda het as wewenaar 'n verhouding met die prostituut gehad en sy het swanger geword met die tweeling, Peres en Serag. Peres is die voorvader van Jesus.

Tamar se naam herinner ons dat Jesus die Verlosser van sondaars is. In sy openbare lewe as die Verlosser het Jesus Hom openlik met die tollenaars, prostitute en sondaars vereen-selwig. Daarvoor het die Fariseërs so neergesien op Jesus en Hom 'n vriend van die sondaars genoem. Die Fariseërs was onder die indruk dat hulle Jesus nie nodig het nie, want hulle het mos die wet. Jesus het hulle egter baie duidelik laat verstaan en daarop gewys dat selfs hulle wat Fariseërs is sondaars is. Moet daarom nooit dink dat jy nie so 'n groot sondaar soos 'n prostituut is nie. Elke mens wat gebore word, word in sonde ontvang en gebore en daarom het hy 'n Jesus as Verlosser nodig. Moet ook nooit dink dat jou sondes te groot is dat jy nie daarvan verlos kan word nie. Jesus het selfs prostitute verlos en die Heilige Gees het hulle gelowiges gemaak.

Ragab, die tweede vrou wat hier genoem word, was die ma van Boas en ons leer haar in die boek Josua ken. Sy was ook 'n Kanaäniet wat in Jerigo gewoon het toe Israel die beloofde land in besit geneem het. En dwarsdeur die Bybelse geskiedenis staan sy bekend as Ragab die hoer (Jak 2:25). Toe die verkenners wat Josua uitgestuur het by haar kom in Jerigo het sy vir hulle gesê dat sy weet dat die Here die land vir Israel gee. En sy het bely dat Israel se God, die Here, God bo in die hemel en onder op die aarde is (Jos 2:11). En sy het gepleit dat haar en haar gesin se lewens gespaar moet word.

Wanneer die Heilige Gees Ragab se naam later twee maal in die Nuwe Testament in herinnering roep, doen Hy dit elke keer in verband met Ragab se geloof. Ragab se naam word in die lys van geloofshelde genoem in Hebreërs 11. Omdat Ragab geglo het, het sy nie saam met die res van Jerigo se mense gesterf nie. Jakobus noem dat Ragab se geloof nie maar net woorde was nie. Haar geloof het uitgeloop in daade wat getuig dat sy regtig in God glo; sy het die verkenners weggesteek en met 'n ander pad laat wegkom.

Met Tamar se naam word ons herinner dat alle mense Jesus as Verlosser nodig het, want alle mense is sondaars. Met Ragab se naam wys die Heilige Gees ons daarop dat jy slegs deur die geloof deel kan kry aan die verlossing wat Jesus Christus bewerk. Maar dan is dit nie net 'n geloof wat sê dat jy glo Jesus is die Verlosser nie. Ware geloof in Jesus Christus is die geloof wat jou hele lewe beïnvloed – jy lewe anders as voorheen – jy begin al meer

en meer doen wat die Here jou in sy Woord beveel. Ragab het haar lewe van prostitusie laat staan en sy is met Salmon getroud, en hulle seun was Boas wat met Rut getrou het.

Rut is die derde vrou se naam wat in die geslagsregister van Jesus genoem word. Soos Tamar en Ragab is Rut ook van heidense afkoms. Anders as Tamar, Ragab en Batseba, het Rut tog 'n sedelike lewe gelei. Sy was met 'n Joodse man getroud wat gesterf het. As weduwee het sy saam met haar skoonma na die land van Israel teruggekeer nadat sy bely het:

U volk is my volk, en u God is my God. (Rut 1:16b AFR53)

Kragtens die wet wat die Here aan Moses gegee het, mag Rut glad nie deel wees van die volk van die Here nie (Deut 23:3). Alhoewel Rut 'n goeie en voorbeeldige lewe gelei het, was sy volgens die wet uitgesluit van die verbond, want sy was 'n Moabiet. Onder die wet was Rut eintlik vervloek en verlore. En is dit nie hoe almal van ons ook is nie? Niemand kan die wet van die Here honderd persent gehoorsaam nie. En elkeen wat nie die wet volmaak kan gehoorsaam nie, is onder die vloek van die wet en verdien om vir ewig verlore te gaan. Maar Jesus Christus het juis aan die kruis as 'n vervloekte gesterf en sodoende het Hy die vloek van die wet vir elke ware gelowige weggeneem.

Rut se verhaal en hoe sy deel van die verbondsvolk van die Here geword het, is aan ons goed bekend. Sy is met Boas getroud omdat hy as lossier vir Naomi en Rut opgetree het. En sodoende het Rut die voorouer van Dawid en van Jesus Christus geword. Saam met Tamar en Ragab herinner die Heilige Gees ons met Rut se naam dat Jesus Christus nie net die Verlosser vir Israel is nie, maar ook vir die heiden wat in Hom glo. In Christus is die skeidsmuur tussen Jood en heiden afgebreek (Efes 2:14). Nou is dit nie net die Jode wat volk van God is nie, maar almal wat in Jesus Christus glo, is die volk van God.

Dit bring ons by die vierde vrou wie se naam nie eers uitdruklik genoem word nie. Daar word na haar net verwys as die vrou van Uria. Ons ken haar naam as Batseba met wie Dawid 'n owerspelige verhouding gehad het en sy swanger geword het. Om sy misdaad te verdoesel, het Dawid toegesien dat Uria in die oorlog sterf. Batseba was heel waarskynlik

'n Jodin, maar sy was met 'n heiden getroud. Uria was 'n Hetiet. Met verwysing na Batseba en Dawid en hulle misdaad wys die Heilige Gees ons daarop dat Jesus Christus ook die Verlosser bly vir gelowiges wat in sonde val.

Ons kan nie Dawid en Batseba se sonde verskoon omdat hulle die voorgeslag van Jesus is nie. God het ook nie Dawid se sonde verskoon nie, maar Dawid is weer met God versoen nadat hy sy sonde voor die Here bely het. Jesus Christus is die Verlosser van die mense wat sy Vader aan Hom gegee het en Hy bly vir altyd hulle Verlosser. Solank as wat 'n gelowige in hierdie lewe is, sal jy die versoeningsbloed van Jesus Christus nodig hê, want dit is slegs deur Christus dat jy toegang tot die genadetroon van God het.

Met die name van hierdie vier vrouens roep God almal met alle erns tot geloof in Jesus Christus. Jou agtergrond, herkoms of watter misdaad jy ook al gedoen het, is nie meer 'n hindernis nie. Jesus Christus is deur die Vader gestuur as Verlosser vir sondaars van elke deel van die samelewing en vir elke deel van die aarde. Miskien het jy al lank gelede jou geloof in Christus bely maar nou in een of ander verskriklike sonde gestruikel. Die Heilige Gees roep jou ook om na Christus toe terug te keer, want Hy bly vir altyd jou Verlosser.

God het inderdaad sy Seun gegee as die Verlosser van sondaars, maar Jesus Christus is ook die vervulling van die beloftes wat God gemaak het. Ons het reeds opgemerk dat Matteus drie name in die geslagsregister beklemtoon – *Abraham*, *Dawid* en *Jesus Christus*. Dwarsdeur die geskiedenis van God met sy volk is Israel voorberei op die Naam *Jesus*. Jesus is dieselfde Naam as *Josua* en *Jesua* en beteken *die Here verlos*. Christus is ook 'n Naam wat bekend was aan die Jode vir wie Matteus geskryf het. In Hebreeus is die Naam *Messias* wat *Gesalfde* beteken.

Wanneer Matteus Jesus Christus se Naam noem in vers 1 en 16 – die begin en die einde van die geslagsregister – roep hy die Jode om aandagtig te luister. En saam met die name *Abraham* en *Dawid* wil hy die Jode daarop wys dat Jesus Christus self die vervulling is van die belofte van God aan sy volk. Jesus is die beloofde Messias en die beloofde Verlosser – 'n belofte wat al in die tuin van Eden aan die eerste ouers gemaak is.

Verder is Jesus ook die vervulling van die beloftes wat die Here aan Abraham en Dawid gemaak het. Matteus dui aan dat Jesus die wetlike nageslag van Dawid is deur Josef die man van Maria. Op die hoogtepunt van Israel se geskiedenis het die Here aan Dawid belowe dat Dawid se huis en koningskap tot in ewigheid bestendig sal wees en sy troon sal vasstaan tot in ewigheid (2 Sam 7:16). Daarmee het die Here belowe dat daar tot in ewigheid iemand uit Dawid se nageslag as Koning oor die volk van God sal heers. Jesus Christus is hierdie Koning en sy koningskap bestaan tot in ewigheid, skryf Lukas (Luk 1:32, 33). Jesus is wetlik die nageslag van Dawid, maar nie die natuurlike nageslag van Dawid nie. Die Heilige Gees het dit uitdruklik vir ons neergeskryf. Daar staan nie geskryf dat Josef die vader geword het van Jesus nie, maar:

Jakob die vader van Josef, die man van Maria uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word. (Matteus 1:16 AFR53)

Deur aan te dui dat Jesus nie net van Dawid afstam nie, maar ook van Abraham, lei die Heilige Gees ons om raak te sien dat Jesus ook die vervulling is van God se belofte aan Abraham. Toe die Here vir Abraham uit sy land en vader se huis geroep het, het Hy onder andere aan hom belowe:

en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word. (Genesis 12:3b AFR53)

In die geslagsregister gee die Here reeds 'n voorskou van hierdie seën wat vir al die geslagte van die aarde bedoel is. Drie van die vroue wie se name genoem word, was van heidense afkoms. Die belofte aan Abraham kom in Jesus Christus tot volle ontplooiing wanneer Jesus voor sy hemelvaart sê:

Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. (Matteus 28:19 AFR53)

Geliefdes, die geslagsregister van Jesus Christus aan die begin van die boek Matteus is dus nie 'n vervelige lys van name wat ons maar kan oorslaan nie. In hierdie lys name gee die Here aan mense troos. Alle mense is sondaars en hulle het 'n Verlosser nodig. Jesus Christus is daardie Verlosser, want Hy is die vervulling van elke belofte van God aan mense.

Amen!

Gebed

Slotsang: Skrifberyming 5-3:1, 2 (Sb 8)

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskrif van Gods verborgenhede.
U 's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.
- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal.
Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eind'lose ewighede.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
9 Desember 2018